Weekbrief 25/2019

16 Augustus 2019

GESTIG 1870

HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

Posbus 22, PORTERVILLE, 6810
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

BULLE BO **ALTYD SO!!**

Die speelrooster word ingesluit.

INTERSKOLE–SATERDAG, 17 AUGUSTUS 2019
H/S PORTERVILLE vs H/S PIKETBERG

Algemene reëlings:

* Geen toeskouers word toegelaat op die rugbyveld en netbalbaan nie.
* Toeskouers moet agter die toue wees wat die veld en bane afspêr.
* Geen voertuie op sportgronde nie. Parkering in die straat en parkeerarea by Sportgronde.
* Geen Vuvuzelas word toegelaat nie.
* Geen dromme op die pawiljoene nie.
* Ons versoek ouers, toeskouers en ondersteuners om hulle asseblief te weerhou van negatiewe kritiek, (dit sluit kritiek op sosiale netwerke soos bv. "facebook" in).

  Ons wil graag die dag geniet. Ons opponente is nie ons vyande nie - hulle is kompetisie.
* Oud-skoliere mag hulle skoolbaadjies dra saam met "civvies".
* 'n Vriendelike versoek dat toeskouers nie tussen die leerders op die pawiljoen sit nie.

TOEGANG

Volwassenes	:	R20.00
Kinders	:	R10.00
Voorskoolse kinders	:	Gratis
Leerders met skooldrag van HSP en PHS	:	Gratis
Program	:	Gratis

REKORDEKSAMEN & TOETSREEKS AUGUSTUS/SEPTEMBER 2019

Die toetsreeks neem in aanvang op Maandag, 2 September en eindig op Dinsdag, 17 September vir graad 7-11.

Die Graad 12 Rekordeksamen neem amptelik in aanvang op Woensdag, 28 Augustus en eindig op Dinsdag, 17 September. Graad 12 RTT VI en Graad 12 Besigheidstudie vraestelle word op onderskeidelik Woensdag, 21 Augustus (08:00-11:00) en Dinsdag, 27 Augustus (08:00-11:00) afgelê.

SKOOLURE tydens die toetsreeks 07:30-14:00.
Geen Religie tydens toetsreeks nie.
GEEN Algemene Kennis gedurende Toetsreeks.
Afsluiting: Vrydag, 20 September

SPESIALE SAALBYEENKOMS: WOENSDAG, 28 Augustus 2019
Bekendmaking van nuwe VRL 2019/2020

UITSLAE: WES-BOLAND EISTEDDFOD SANG

LAERSKOOL

Zeha Swarts	gr 3	Silwer
Amanda Carstens	gr 6	Goud
Mianette Theron	gr 6	Goud
Priscilla de Klerk	gr 6	Goud
Paula Viljoen	gr 7	2 x Cum Laude

HOËRSKOOL

Katelyn du Plessis	gr 8	2 x Silwer
Janté Jafta	gr 10	Cum Laude
Kara-Lee Faro	gr 10	Cum Laude
Jean-Maree Gagiano	gr 10	Cum Laude
Melanie de Beer	gr 11	2 x Goud
Melanie de Beer en Liné Snyman	Duetsang:	Silwer
Schanize Farmer	gr 11	2 x Cum Laude

ONTWURMING - 26 AUGUSTUS

Gr. 1-7 leerders het in die week toestemmingsbriewe ontvang wat deur ons ouers onderteken moet word.

Die vorms moet asseblief by die skool ingehandig word teen nie later nie as Maandag, 19 Augustus 2019.

GEDENKBOEKINSAMELING

Die gr 8 klasse het besluit om 'n skaap en 'n boks wyn uit te loot vir hulle insamelingsprojek vir die verjaardag gedenkboek.

Die wenners is Mev. M Treurnicht (skaap) en Mev L Dampies (boks wyn) .

Baie dankie aan almal wat hierdie projek ondersteun het.

Baie dankie aan Mnr Piet du Plessis en Mnr Adriaan Tromp vir hulle skenkings.

Dit word opreg waardeer.

WES-KAAP JUNIOR ENKELS ROLBAL

Johanco Kayser en Evan Fourie het op 9 en 10 Augustus deelgeneem aan die Wes-Kaap Junior Enkels Rolbal nadat hulle verlede maand hulle seksies gewen het.

Hierdie leerders was die enigste twee leerders wat gekies is om die Weskusstreek te verteenwoordig.

Hulle het albei twee wedstryde gewen.

Baie geluk!!

ONTHOU ASSEBLIEF !!

- **Betaal u kind/ers se skoolfonds op datum.**
- **Haal Matrieksertifikate af.**